

u tuurlike produkte is, van vrylopende diere kom of organies is, problematies kan wees en van Maart af nie meer sonder die nodige bewyse op etikette aangebring mag word nie.

Dit, en om aan die Wet op Verbruikersbeskerming te voldoen, is die rede vir die ontwikkeling van die sertifiseringskema en

protokol. Eweneens gaan dit ook oor die beskerming van die reputasie en waarde geassosieer met ware produkte uit die Karoo. Die protokol sal deur die Suid-Afrikaanse Vleisbedryfsmaatskappy (Samic) geoudit word en sal verseker dat net vleis wat geproduseer is volgens streng produksiepraktyke en in die deel van die Karoo wat

in die protokol geïdentifiseer word, die Karoo-vleis van Oorsprong-sertifiseringsmerk kan dra.

Die uitvoerende beampte oor landbouproduktstandaarde by die departement het in Mei vanjaar aan die Karoo-ontwikkelingstigting toestemming gegee om die handels- of sertifiseringsmerke as stempels op skaap- en lamkarkasse te gebruik plaas van die voorgeskrewe rolmerk.

Kirsten sê teen September vanjaar het 35 boere, drie slagplase en vyf deli's en slaghuise reeds aansoek gedoen om lidmaatskap van die sertifiseringskema. Die eerste oudits is teen Oktober voltooi en alle boere wat aansoek gedoen het, is gesertifiseer as ware produsente van die Karoo. Altesame 300 000 ha in die Bo-Karoo-distrikte is nou daarop geregtig om die merk te gebruik.

Vir Karoolam het die verhaal 'n mooi einde, maar wat van ander Suid-Afrikaanse ikone soos biltong, rooibos en heuningbos? Kirsten sê rooibos is in die proses om as geografiese aanwyser by die EU geregistreer te word. Daardeur behoort die misbruik van rooibos as naam in Europa beperk te word. "Die proses is naby voltooiing en wag nog net vir die finale goedkeuring van die Suid-Afrikaanse Rooibosraad. Ten minste sal die lesse wat met Karoolam geleer word, vir ander ikoonprodukte van Suid-Afrika van waarde wees en kan Suid-Afrika, net soos Europa, ook sy erfenis in die landbou, voedsel en kultuur beskerm." **LB**



Die eerste poging om 'n deel van die uitgestrekte stilte, diep landelikeheid en unieke geure van die Karoo te beskerm, is vanjaar afgehandel met die vestiging van 'n geografiese aanwyser vir vleis wat van die Karoo kom.

**VOORDELE**

**Ja, verbruikers is bereid om meer te betaal**

Een van die eerste vrae wat boere dikwels vra wanneer hulle aangemoedig word om by 'n sertifiseringskema aan te sluit, is of daar enige geldelike voordele betrokke is. Sodanige navorsing is reeds op klein skaal gedoen. Daar is gevind dat verbruikers wat aan die ondersoek deelgeneem het, bereid is om meer as R20 per kg méér vir gesertifiseerde Karoolam te betaal.

Prof. Johann Kirsten van die Universiteit van Pretoria sê om die ietwat hoë premie in perspektief te plaas, het die universiteit 'n winkelrak-ekperiment gedoen en Karoolam teen R5/kg meer as ander gesertifiseerde lamsprodukte (waarvan die prys reeds R10/kg hoër is as dié van gewone lam) laat verkoop. "Ons was nogal verbaas oor die verkoopsyfers. Verkope was in een naweek gelykstaande aan meer as die helfte van ander produkte wat deur televisie-adverten-

sies ter waarde van miljoene rande ondersteun word."

Me. Karlien van Zyl het op die onlangse konferensie van die Landbou-ekonomievereniging van Suid-Afrika gesê die navorsing wat sy vir die meestersgraad in landbou-ekonomie gedoen het, toon dat verbruikers wat aan 'n eksperimentele veiling deelgeneem het, bereid is om meer vir Karoolam te betaal.

Van Zyl het 'n eksperimentele veilingsinstrument gebruik om te bepaal hoe geneë welvarender verbruikers in Pretoria is om meer vir Karoolam te betaal. Sy het ook gevind dat die verskaffing van ekstra inligting oor Karoolam verbruikers geneë maak om nóg meer daarvoor te betaal.

Sommige van die deelnemers aan Van Zyl se navorsing het aangedui dat hulle nie van tevore Karoolam gekoop het nie omdat dit

nie geredelik beskikbaar was nie, of dat hulle nog nooit Karoolam gekoop het nie omdat hulle nie die egtheid van die produk vertrou het nie. Ten spyte daarvan het amper 60% van die deelnemers aangedui dat hulle gewillig is om meer vir Karoolam te betaal.

Van Zyl se navorsing was daarop gemik om te bepaal of daar ekonomiese verdienste in so 'n proses is deur vas te stel of verbruikers gewillig is om meer te betaal vir gesertifiseerde skaapvleis van die Karoo.

Karoolam is reeds gevestig as vleis van oorsprong in Suid-Afrika. Dis egter nog nie geregistreer as 'n formele geografiese indikasie (GI) nie, dog Van Zyl meen die potensiaal bestaan om 'n GI vir Karoolam te vestig, gegronde op 'n kombinasie van die vleis se reputasie van gehalte en geur en die gewaarwording van nostalgie wat die Karoo by mense oproep.